


Bestudeer die volgende stamboom:



A koop vir B blomme en albei sien oranje blomme en groen blare, maar vir hulle een seun F lyk die blomme en blare na dieselfde kleur. Die ander kinders in die gesin dink hy maak seker 'n grap.

1. Wat is die fenotipe van F, A en B?
2. Gee F se genotipe.
3. Gee F se ouers se genotipes.
4. Gee F se broer se genotipe.
5. Indien F trou met 'n vrou wat nie kleurblind is nie en hulle kry 'n dogter wat wel kleurblind is. Gee sy vrou se genotipe.
6. Verduidelik hoekom I nie hoef bang te wees dat sy dogters kleurblind sal wees nie, al is sy suster kleurblind.
7. Kan I 'n seun verwag wat kleurblind is? Verduidelik.
8. Is daar genoeg inligting om sonder enige twyfel te sê wat K se genotipe is?
9. Indien K met 'n kleurblinde man trou en hulle kry 7 kinders, wat nie kleurblind is nie, wat is haar genotipe waarskynlik?
10. Gee J se genotipe.
11. Kan J D se dogter wees? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.
12. Gee J se ma se genotipe.
13. Wat is 'n draer en hoe sal mens kan vasstel of iemand 'n draer is?